Oranje-Vrystaat

Waarnemende aanstelling

AF Jordaan SC het vanaf 26 Julie tot 30 September 1993 op die plaaslike regbank as regter waargeneem.

Sosiale nuus

"*Action Cricket*": Op Vrydag 7 Mei 1993 het 74 spelers, agt spanne opgemaak. Hierdie spelers het bestaan uit regters, advokate, prokureurs, persone van die Prokureur-generaal se kantoor, stadsraadslede, akademici van die plaaslike universiteit en die regters se gades. Van die name van die spanne was baie beskrywend en onder andere was daar die "Untouchables", "Magnificent Eight", "Farmer's Pride" en "Destroyers".

Die kompetisie was in die vorm van 'n uitklopkompetisie en die "Destroyers" het hulle naam gestand gehou deur as wenners uit die stryd te tree.

Die spanne is bygestaan deur spanbestuurders, afrigters, fisioterapeute, verversingbestuurders en geesdriftige toeskouers. Die wenspan het 'n medalje ontvang. Hierdie wedstryd het op 'n Vrydag plaasgevind en die daaropvolgende Maandag het verskeie regters en van ons senior kollegas moeisaam beweeg. Die regters het die regbank op dié dag dan ook met groter versigtigheid as gewoonlik bestyg. Almal was dit eens dat dit 'n baie genotvolle dag was.

'n Foto wat by dié geleentheid geneem is, verskyn hiernaas.

'n Besondere behoefte – wat seker ook by ander Balies bestaan – is deur Corrie Ploos van Amstel raakgesien, naamlik 'n Pa-seun-naweek, waartydens 15 advokate en hulle seun of seuns op 'n plaas in die Suid-Vrystaat saamgetrek het. Gedurende hierdie naweek was daar 'n vol program vir die seuns en pa's gereël soos 'n kampvuurkonsert, skiet, perdry, skattejag, skaapslag, koeimelk, motorbestuur en springhaasjag. Ook hierdie naweek was 'n reuse sukses.

I-r: HAL Schreuder, AF Jordaan SC, Regter F Beckley, Regter GA Hattingh, C Ploos van Amstel, Regter D Lombaard, JP de Bruin SC, Regter F Hancke, Regter C Cillié, HJ Loubser en HM Raubenheimer SC

Noord-Kaap

Waarnemende aanstelling

Die Voorsitter van die Noord-Kaapse Vereniging van Advokate, Hennie Lacock SC, is aangestel as waarnemende Regter in hierdie afdeling, nadat Regter Erasmus skielik ongesteld geraak het.

Nuwe lede

Twee nuwe advokate het hulle by die Noord-Kaap-Balie aangesluit en begin praktiseer nadat hulle hul pupilskappe gedurende Junie 1993 suksesvol voltooi het.

Burger Erasmus het alreeds in 1982 sy studies aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi en was, onder meer, staatsaanklaer in die Parow-streekhowe en 'n senior staatsadvokaat by die kantoor van die Prokureur-generaal, Kimberley, voordat hy sy pupilskap aan die begin van hierdie jaar begin het.



Burger Erasmus

Albè Bester, tans die enigste vroulike lid van hierdie Balie, het in 1992 haar studies voltooi aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en het haar toe dadelik by dié Balie aangesluit.

Albè Bester

Sosiale nuus

Die Noord-Kaapse Balie het, as 'n geheel, ook weer sy kant op sosiale gebied gebring toe die lede 'n jagnaweek gehou het.

Johan van Niekerk van die plaaslike Balie het so pas 'n welverdiende breek geniet deur saam met 'n klomp manne 'n "rugbytoer" na Australië mee te maak om die Springbokke daar te gaan ondersteun.